
UNIVERSITY EXAMINATIONS



UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# AUE2602

Mei/Junie 2015

## KORPORATIEWE BEHEER IN REKENMEESTERSKAP

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

**EKSAMENPANEEL SOOS DEUR DIE DEPARTEMENT AANGEWYS**

---


**Gebruik van 'n nie-programmeerbare sakrekenaar is toelaatbaar**

**Toeboekeksamen**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie.**

[BLAAI OM]

UNIVERSITY EXAMINATIONS



UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# AUE2602

Mei/Junie 2015

## KORPORATIEWE BEHEER IN REKENMEESTERSKAP

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

EKSAMENPANEEL SOOS DEUR DIE DEPARTEMENT AANGEWYS

---

**Gebruik van 'n nie-programmeerbare sakrekenaar is toelaatbaar.**

**Toeboekeksamen**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie**

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT **SEWE (7)** BLADSYE

Hierdie vraestel bestaan uit die volgende vrae en hoofonderwerpe:

| **VRAAG** | **HOOFONDERWERP** | **PUNTE** |
|---|---|---|
| 1 | Korporatiewe beheer | 24 |
| 2 | Produksie en voorraad, en verkope en inkomste | 26 |
| 3 | Betaalstaat en personeel, en aankope en betaling | 50 |
| | | **100** |

**LET WEL:**

Alhoewel die hoofdoelwit van hierdie eksamen is om u kennis en toepassing van die vakinhoud te toets, sal u vermoe om te organiseer en sulke kennis in geskrewe taal van 'n aanvaarbare standaard aan te bied deur die eksaminators in ag geneem word

[BLAAI OM]

## VRAAG 1

**24 punte**

Goals Galore (Edms) Bpk (hierna na verwys as "Goals Galore") is 'n vervaardiger van sokkertoerusting en -drag wat in verskeie kleinhandelwinkels in Suid-Afrika verkoop word Goals Galore is in 2005 geinkorporeer en het begin as 'n eenmansaak onderneming, maar het intussen gegroei tot 'n leier in die sporttoerustingindustrie

As gevolg van die vinnige uitbreiding en uitstekende prestasie van die maatskappy, oorweeg die direksie om die ekwiteit van die maatskappy op die Johannesburgse Effektebeurs (JSE) te noteer Die direkteure is bewus daarvan dat die maatskappy sal moet voldoen aan goeie korporatiewe beheer soos in die King III-verslag beskryf word

Die **direksie** bestaan uit:

| | | |
|---|---|---|
| Mnr Sebastian Schwein | – | Hoof uitvoerende beampte (HUB) |
| Mnr Leon Messi | – | Nie-uitvoerende voorsitter ***1** |
| Mnr Efese Ambrose | – | Nie-uitvoerende direkteur ***2** |
| Mnr Arno Robben GR(SA) | – | Finansiële direkteur ('n uitvoerende direkteur) |
| Me Xabina Alonso | – | Risikodirekteur ('n uitvoerende direkteur) |
| Mnr Christiaan Ronaldo | – | Menslikehulpbrondirekteur ('n uitvoerende direkteur) |
| Me Louise Suarez | – | Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur |
| Me Jamie Rodriguez | – | Nie-uitvoerende direkteur ***3** |

*** Nota 1**
Mnr Leon Messi besit tans 12% van die aandelebelang in Goals Galore.

*** Nota 2**
Mnr Efese Ambrose is vry van enige besigheids- of ander verhoudinge wat moontlik kan inmeng met sy kapasiteit om onafhanklik op te tree Mnr Ambrose is 'n gekwalifiseerde prokureur

*** Nota 3**
Me Jamie Rodriguez was voorheen 'n professionele adviseur vir Goals Galore as gevolg van haar ervaring in die ontwerp van sokkerballe. Sy ontvang steeds vergoeding in die vorm van 'n tantièmebetaling voorwaardelik aan die verkope van die Dijarah-handelsmerk sokkerballe deur Goals Galore

Die direksie vergader elke vier maande om Me Louise Suarez te akkommodeer wat gereeld oorsee reis as gevolg van haar adviserende verpligtinge en nie vir meer gereelde vergaderings beskikbaar is nie

Mnr Christiaan Ronaldo verrig tans sekretariële pligte waar toepaslik en daar is nie 'n maatskappysekretaris aangestel nie

Me Stacy Gerrard is mnr Arno Robben se regterhand Sy is die finansiele bestuurder van Goals Galore en is sedert 2008 by die maatskappy Sy ken die onderneming baie goed en staan me Xabina Alonso tans by met 'n oorsig van Goals Galore se interne beheermaatreels

**Direksiekomitees**
Die direksie wil ook 'n ouditkomitee en 'n risikokomitee vestig. Mnr Sebastian Schwein het die volgende kandidate vir die onderskeie komitees voorgestel en sien nie die behoefte vir enige ander direksiekomitees in hierdie stadium nie.

**Ouditkomitee**
Mnr Leon Messi (voorsitter)
Me Jamie Rodriguez
Mnr Efese Ambrose
Mnr Arno Robben GR(SA)
Me Stacy Gerrard

**Risikokomitee**
Me Louise Suarez (voorsitter)
Me Xabina Alonso

**VERLANG** **Punte**

**1.1** **Lewer kommentaar** gegrond op die inligting wat verskaf is ten opsigte van die **vereistes van goeie korporatiewe beheer** ingevolge die King III-verslag.

Verskaf u antwoord onder die volgende opskrifte.

a) Direksie: samestelling en aanstellings (drie opmerkings)
b) Ouditkomitee: samestelling en aanstellings (drie opmerkings)
c) Risikokomitee: samestelling en aanstellings (twee opmerkings)
d) Algemene opmerkings (vier opmerkings)

- U moet beide **nakoming** en **nie-nakoming** in u antwoord bespreek. **(18)**
- Een punt sal toegeken word vir die korrekte aanbieding van u antwoord **(1)**

**1.2** Verduidelik wat die **hooffunksie van 'n vergoedingskomitee** volgens die King III Verslag is EN dui aan watter direkteur op die direksie sal die **mees geskikste kandidaat** wees om as **voorsitter** van die **vergoedingskomitee** aangestel te word om aan die vereistes van die King III Verslag te voldoen. **(3)**

**1.3** Die King III Verslag bepaal dat een van die funksies van die ouditkomitee is om te verseker dat 'n gekombineerde gerusstellingsmodel (*combined assurance model*) toegepas word om 'n gekoördineerde benadering tot alle gerusstellingsaktiwiteite te verskaf

Verduidelik die hoofdoelwit van die term **"gekombineerde gerusstellings-model"** (*combined assurance model*) **(2)**

## VRAAG 2

**26 punte**

Bulls (Edms) Bpk vervaardig en verkoop kinderspeelgoed aan die algemene publiek

**Inkomste en ontvangste**
Die verkoopsvoorwaardes is slegs kontant by aflewering. Die maatskappy het oor die jare goeie interne beheermaatreels geimplementeer en die inkomste-en-ontvangstesiklus is in duidelik omskryfde funksies ingedeel, naamlik **ontvangs van klante se bestellings, voorraadpakhuis/versending, fakturering, verantwoording van verkope** en **ontvangs van kontant.**

Die volgende is 'n aantal beheermaatreelaktiwiteite wat tydens die daaglikse bedryf van Bulls (Edms) Bpk plaasvind.

1. Lindy Gouws, die verkoopsbestellingsbestuurder, kontroleer die besonderhede op alle interne verkoopsbestellings wat deur die drie bestelklerke voorberei is
2. Mandla Khumalo, een van die pakhuisklerke, maak 'n agterstalligebestellingsnota (*backorder note*) uit vir 'n item wat bestel is, maar "uit voorraad" is.
3. Interne verkoopsbestellings wat aan die rekeningkundedepartement gestuur word, word in nommervolgorde geliasseer.
4. Kobus van der Merwe, een van die versendingskontroleurs, vergelyk die speelgoed wat afgelewer moet word met die uitsoekstrokie (*picking slip*) en afleweringsnota terwyl die speelgoed in bokse gepak word vir aflewering.
5. Nelson Horn, die rekenmeester, vergelyk die pryse op die faktuur met die goedgekeurde pryslys en herbereken die belasting op toegevoegde waarde (BTW)

**Waardasie van voorraad**
Voorraad is 'n wesenlike balans in die finansiële state van Bulls (Edms) Bpk. Bestuur wil daarom verseker dat die balans akkuraat gereflekteer word in die rekeningkundige rekords, en het u om advies genader.

**VERLANG** **Punte**

**2.1** Dui die **funksie** aan van die inkomste-en-ontvangstesiklus waaronder **elkeen van die beheermaatreëlaktiwiteite** (1–5) heel waarskynlik by Bulls (Edms) Bpk sal plaasvind. **(7½)**

**2.2** Verduidelik wat die voorraad waardasie term **"netto realiseerbare waarde"** (*net realisable value*) beteken **(3)**

**2.3** Dui aan teen **watter voorraad waardasie waarde** voorraad in die finansiële state van die maatskappy getoon moet word. **(1½)**

**2.4** Noem enige TWEE van die drie aanvaarbare **kosteformules** om voorraad te waardeer soos beskryf in die *International Accounting Standards (IAS 2): Inventory* **(3)**

**2.5** Lys waaruit die **kosprys** van voorraad behoort te bestaan. **(4½)**

[BLAAI OM]

**VERLANG (vervolg)** **Punte**

**2.6** Dui aan of die volgende kostes **ingesluit of uitgesluit** behoort te word wanneer voorraad waardeer word:

a) Lone betaal aan produksiewerkers
b) Administratiewe kostes
c) Produksiemateriaal vernietig gedurende 'n brand in die produksieaanleg
d) Kommissie betaal vir goedere verkoop **(6)**

- 'n Halwe punt sal toegeken word vir die korrekte aanbieding van u antwoord **(½)**

## VRAAG 3 **50 punte**

Modern-Shoes Bpk (hierna na verwys as "Modern-Shoes") is 'n skoenvervaardigingsmaatskappy en doen sedert 2001 sake

**Werknemermeesterlêer**

Modern-Shoes het 'n groot arbeidsmag van ongeveer 2 000 werkers en gevolglik is die betaalstaatsiklus 'n paar jaar gelede volledig gerekenariseer Die maatskappy was onlangs in die nuus toe bedrog wat deur die betaalstaatbestuurder gepleeg is, ontdek is Hy het maandeliks ongemagtigde betalings aan fiktiewe werknemers gemaak.

Die risikokomitee van Modern-Shoes het die bestuur versoek om toepaslike **interne beheermaatreëls** te ontwerp om te verseker dat slegs **geldige** nuwe werknemers by die **meesterlêer** gevoeg word en net **geldige** veranderings aan die werknemermeesterlêer aangebring word.

**Voorraad**

Die voorraad van Modern-Shoes wat meestal bestaan uit die voltooide skoene wat vervaardig is, is een van die maatskappy se mees wesenlikste bates. Omvattende interne beheermaatreëls is in plek om te verseker dat die voorraad beskerm word teen diefstal en wanbesteding.

Die volgende beheermaatreëls is in die voorraadsiklus geïmplementeer

1. Toegang tot en uitgang uit die pakhuis word 24 uur 'n dag deur sekuriteitskameras gemonitor.
2. Die maatskappy het 'n ontvangstoesighouer, 'n versendingstoesighouer, en 'n voorraadkontroleur (*stores controller*) wat verantwoordelik is vir die bewaring van voorraad.
3. Die finansiele kontroleur, ontvangstoesighouer, versendingstoesighouer en voorraadkontroleur het almal die nodige vaardighede en toepaslike kwalifikasies vir hulle posbeskrywings.
4. Die maatskappy het elke twee maande 'n volledige voorraadtelling wat deur die finansiële kontroleur en eksterne ouditeure bygewoon word

5. Een van die doelwitte van die pakhuisafdeling is om diefstal van voorraad te beperk tot minder as 1% van die totale koste van die voorraad op hande. Dit word maandeliks gemonitor.
6. Uitsoekers (*pickers*) teken die uitsoekstrokie (*picking slip*) nadat hulle goedere in die stoor uitgesoek het
7. Enige pakhuispersoneel wat betrap word dat hulle voorraad steel, word onmiddellik ontslaan.

**Betaling van verskaffers**
Modern-Shoes verkry materiaal vir die vervaardiging van die skoene by verskeie plaaslike verskaffers As gevolg van die onlangse bedroginsident, is die bestuur angstig om enige ander swakhede in die interne beheerstelsel te identifiseer Die finansiele direkteur, Mike Shoe, het u gevra om 'n oorsig te doen oor die maatskappy se **funksie van betaling van verskaffers** (slegs handstelsel)

Die volgende is 'n volledige beskrywing van die beheermaatreels wat in plek is vir die betalingsvoorbereiding en betaling van verskaffers·

a Wanneer die maandelikse verskafferstate ontvang word, berei die krediteurekontroleur, Joe Modern, 'n tjekrekwisisie voor uit die voorafgenommerde hardekopie-rekwisisieboek.
b. Die voltooide tjekrekwisisie word na die finansiele direkteur, Mike, gestuur vir magtiging van die betaling wat gemaak moet word.
c. Nadat die tjekrekwisisie gemagtig is, berei Joe die tjek voor en gee dit vir Mike om te teken. Mike is die enigste gemagtigde ondertekenaar van tjeks sodat geleenthede vir bedrog beperk kan word.
d. Mike bring die getekende tjek persoonlik na Joe toe wat dan die tjek per geregistreerde pos aan die verskaffer pos
e Betaalde tjeks wat teruggestuur word, word alfabeties volgens die verskaffernaam geliasseer en deur Joe nagegaan om te verseker dat daar geen verdagte oordragte, begunstigdes of bedrae is nie
f Joe berei elke drie maande 'n rekonsiliasie van die kasboek met die bankstate voor

**VERLANG** **Punte**

**3.1** Beskryf **agt (8) interne beheermaatreëls** wat die bestuur moet ontwerp en implementeer om te voldoen aan die risikokomitee se versoek om te verseker dat slegs geldige nuwe werknemers by die meesterlêer gevoeg word en net geldige veranderings aan die **werknemermeesterlêer** gemaak word. **(12)**

**3.2** Lys **vier (4) invoerbeheermaatreëls** met 'n **voorbeeld van elkeen** wat geimplementeer kan word om te verseker dat die besonderhede van die **nuwe werknemers akkuraat** ingevoer word

*Byvoorbeeld* **Volgordetoetse** sal gapings of duplisenngs in 'n volgorde van nommers opspoor soos hulle ingevoer word, byvoorbeeld indien werknemernommers per hand toegewys word, sal dit verhoed dat duplikaatnommers toegewys word **(6)**

**VERLANG (vervolg)** **Punte**

**3.3** Twee van die komponente van interne beheermaatreëls ingevolge ISA 315 is die **beheeromgewing** en **beheeraktiwiteite.** Beheeraktiwiteite word weer in vyf verskillende kategorieë verdeel.

Vir elkeen van die **voorraadbeheermaatreëls** (1 – 7) wat in die vraag verskaf is, dui aan of dit verband hou met die beheeromgewing of beheeraktiwiteite. Waar u antwoord beheeraktiwiteite is, dui aan onder watter kategorie van beheeraktiwiteite dit val

Bied u antwoord in die volgende tabelformaat aan:

| Nr. | Beheeromgewing/ beheeraktiwiteit | Beheeraktiwiteite indien toepaslik |
|---|---|---|
| 1 | Beheeraktiwiteit | Toegansbeheermaatreels |
| 2. | | |
| 3 | | |
| 4. | | |
| 5. | | |
| 6. | | |
| 7. | | |

**(15)**

- Nommer 1 word hierbo as 'n voorbeeld ingesluit en u sal geen punte hiervoor ontvang nie.
- U sal een punt ontvang vir die korrekte aanbieding van u antwoord. **(1)**

**3.4** Vir **elkeen** van die interne beheermaatreels in plek vir die **betalingsvoorbereiding** en **betaling van verskaffers** (a – f) wat verskaf is in die vraag, identifiseer **en** verduidelik EEN **swakheid.**

Bied u antwoord in die volgende formaat aan·

| Nr. | Swakheid | Verduideliking |
|---|---|---|
| a | Die kredietkontroleur (Joe) rekonsilieer nie die verskafferstaat met die ondersteunende dokumentasie byvoorbeeld fakture, betalings ens. voordat hy die tjekrekwisisie voorberei nie | Dit kan lei tot betaling van fiktiewe verskaffers of betalings van foutiewe bedrae. |
| b | | |
| c. | | |
| d. | | |
| e | | |
| f. | | |

**(15)**

- Nommer (a) word hierbo as 'n voorbeeld ingesluit en u sal geen punte hiervoor ontvang nie
- U sal een punt ontvang vir die korrekte aanbieding van u antwoord. **(1)**

©
UNISA 2015